

Gongeel bobbels

Ontwerp en gebrei in die Pinguin-ontwerpateljee.

BENODIGDHEDE: Ongeveer 700 g Pinguin Tricotine (100-g-bolle); Inox-breinaalde van 3 mm en 4,50 mm.

MATE: Om borsmaat van 86 tot 97 cm te pas; lengte tot onder arm 32 cm; lengte tot skouer 56 cm; lengte van moumaat 39 cm.

SPANNING: 20 steke en 36 rye = 10 x 10 cm oor patroonsteek met 4,50-mm-breinaalde.

AFKORTINGS: r - brei regs; aw - brei aweregs; st(e) - steek (steke); rs - reksteek (= brei elke ry regs); gv - garing voor; tes - tesame; grtgo - glip een steek, brei een steek regs, trek glipsteek oor; herh - herhaal; pat - patroon; vermeer - vermeerder; vermin - verminder; beg - begin; alt - alternatiewe; VK - verkeerde kant; RK - regte kant; vlg - volgende; oorbl - oorblywende; mb - maak bobbel; rif - riffelsteek (= brei deurgaans een steek regs, een steek aweregs); daarop - daaropvolgende.

BOBBEL: Brei in een steek soos volg: (regs in voor- en agterkant van dieselfde steek) 2 keer; draai werk; r4; draai werk; aw4; glip 2e, 3e en 4e st van bobbel oor eerste st en van breinaald af.

RUIT-EN-BOBBELPATROON: (oor 'n veelvoud van 16 steke plus 3 steke soos volg):

1e ry: r2, *gv, r2tes, r11, grtgo, gv, r1; herh van * tot laaste st, r1.

2e ry: r1, *mb, r15; herh van * tot laaste 2 ste, mb, r1.

3e ry: r3, *gv, r2tes, r9, grtgo, gv, r3; herh van * tot einde.

4e en elke alt ry: Deurgaans r.

5e ry: r4, *gv, r2tes, r7, grtgo, gv, r5; herh van * en eindig laaste herhaling met r4 in plaas van r5.

7e ry: r5, *gv, r2tes, r5, grtgo, gv, r7; herh van * en eindig laaste herhaling met r5 in plaas van r7.

9e ry: r6, *gv, r2tes, r3, grtgo, gv, r9; herh van * en eindig laaste herhaling met r6 in



Dongeel bobbels

VAN BLADSY 93

plaas van r9.

11e ry: r7, *gv, r2tes, r1, grtgo, gv, r11; herh van * en eindig laaste herhaling met r7 in plaas van r11.

13e ry: r7, *grtgo, gv, r1, gv, r2tes, r11; herh van * en eindig laaste herhaling met r7 in plaas van r11.

14e ry: r9, *mb, r15; herh van * tot laaste 10 ste, mb, r9.

15e ry: r6, *grtgo, gv, r3, gv, r2tes, r9; herh van * en eindig laaste herhaling met r6 in plaas van r9.

16e en elke alt ry: Deurgaans r.

17e ry: r5, *grtgo, gv, r5, gv, r2tes, r7; herh van * en eindig laaste herhaling met r5 in plaas van r7.

19e ry: r4, *grtgo, gv, r7, gv, r2tes, r5; herh van * en eindig laaste herhaling met r4 in plaas van r5.

21e ry: r3, *grtgo, gv, r9, gv, r2tes, r3; herh van * tot einde.

23e ry: r2, *grtgo, gv, r11, gv, r2tes, r1; herh van * tot laaste st, r1.

24e ry: Deurgaans r.

Dié 24 rye vorm die patroon, wat omkeerbaar is. Laat die bobbels soos hulle is, of druk hulle deur na die kant wat jy verkies as voorkant van die werk.

AGTERPANT: Stel 95ste met 3-mm-breinaalde op, brei 8 cm rif en vermeer 4 ste eweredig gespaseer oor laaste ry — 99 ste.

Slaan oor na 4,50-mm-breinaalde en brei voort in ruit-en-bobbelpatroon tot werk 32 cm lank is vanaf beg. Eindig met 'n VK-ry.

Mousgatvorming: Heg 6 ste aan beg van vlg 2 rye af. Brei voort in pat oor oorbl 87 ste tot werk 56 cm lank is vanaf beg, en eindig met 'n VK-ry.

Skouer- en halsvorming: Heg 7 ste af aan beg van vlg 2 rye.

Vlg ry: Heg 7 ste af en brei tot daar 15 ste op regternaald is; hou dié ste vir regteragterpant. Heg vlg 29 ste af en brei tot einde van ry. Brei voort oor 22 ste (van linkeragterpant) wat op breinaald oorgebly het. Heg 7 ste af aan beg van vlg ry en 7 ste aan halsrand in daaropvlg ry. Heg oorbl 8 ste af. Heg garing weer aan halsrandsteke van regteragterpant vas, heg 7 ste af en brei tot einde. Heg oorbl 8 ste af.

VOORPANT: Soos agterpant, maar vermeer 20 ste eweredig gespaseer oor laaste ry van rifelboord — 115 ste.

Slaan oor na 4,50-mm-breinaalde en brei voort in pat tot werk 32 cm lank is vanaf beg. Eindig met 'n VK-ry.

Mousgatvorming: Heg 14 ste aan beg van vlg 2 rye af. Brei voort oor oorbl 87 ste tot werk 49 cm lank is vanaf beg, en eindig met 'n VK-ry.

Halsvorming: Vlg ry: Brei oor 36 ste en hou dié ste (vir linkervoerpant) op 'n reserwenaald. Heg vlg 15 ste af en brei tot einde. Brei voort oor oorbl 36 ste (vir regtervoerpant) en brei een ry reguit.

**** Heg 3 ste af aan beg van vlg ry, 2 ste aan dieselfde kant in daaropvlg 3 alt rye en 1 st in daaropvlg 5 alt rye.** Brei voort oor oorbl 22 ste tot werk so lank soos linkeragterpant is tot beg van skouervorming en eindig aan syrand.

Skouervorming: Heg 7 ste af aan beg van vlg en daaropvlg alt ry. Brei een ry en heg oorbl 8 ste af. Heg garing weer aan halsrand steke van linkervoerpant vas. Voltooi soos regtervoerpant van ** tot einde, met vormings omgekeerd.

MOUE (2): Stel 68 ste met 3-mm-breinaalde op en brei 4 cm rif. Vermeer 7 ste eweredig gespaseer oor laaste ry — 75 ste.

Slaan oor na 4,50-mm-breinaalde, brei voort in pat en vermeer 4 ste aan weersk van eerste ry sodat eerste pat-ry met r6 beg. Herh dan van * in eerste ry van pat-herhaling 4 keer, r5. Brei nou voort soos gestel en vermeer 1 st aan weersk van elke daaropvlg 6e ry 11 keer en neem ekstra ste in pat op.

Brei voort oor 97 ste tot werk 30cm lank is vanaf beg en heg af.

HALSSTROOK: Werk regterskouernaat toe. Met RK van werk voor, en 3-mm-breinaalde, tel op en r 58 ste uit halsrand van voerpant, en 40 ste uit halsrand van agterpant. Brei 5 rye rif en heg lossies rifsgevang af.

AFWERKING: Werk linkerskouer- en halsstrooknaat aaneen toe. Werk mounate toe deur by boordjie te begin, maar laat laaste 18 rye van naat ongewerk. Werk synate toe. Werk moue in posisie vas sodat ongewerkte rande van mounate aan afheggrande van mousgate vasgewerk word. Moenie pars nie.

Vita Force Natuurlike Vitamien E 500 i.e. Reg. Nr. Elke kapsule bevat: 500 i.e. d-alfa-tokoferiel-asetaat. **Vita Force B Kompleks Forte kapsules** Reg. Nr. Elke kapsule bevat: Vitamien B1 (1,3 x ADT) 2mg, Vitamien B2 (1,1 x ADT) 2mg, Vitamien B6 (1 x ADT) 2mg, Vitamien B12 (3,3 x ADT) 10µg, Natrium Pangaam (B15) 6mg, Biolina 30µg, Kalsium D Pantotenaat (2 x ADT) 20mg, Foliensuur (1 x ADT) 40mg, Nikotinaamied (2 x ADT) 40mg, P.A.B.A. 40mg, Chofien Bitartraat 20mg, Inositol 20mg, Lesliën 10mg, Gis 100mg. **Vita Force Vitamien E Ginseng kapsules** Reg. Nr. Elke kapsule bevat: Ginseng Wortelpoeier(1-2) 100mg, Vitamien E (di-alfa-tokoferol) 50 i.e., Koringkiemolie 15mg, Haakdoring-ekstrak 80mg, Mistel 40mg, Carduus Benediktus 25mg, Taraxacum Radix 25mg, Curcumae Zanth-ekstrak 25mg.

Somer Lewenslus Program

Jy en jou gesin kan nou die elende van daardie wintersiektes agter die rug kry deur julle opgebruikte — maar noodsaaklike — vitamiene, weer op die regte vlak te kry.

Om te sorg dat julle die somer sommer baie goed begin, het Vita Force 'n Natuurlike "Lente- en Somer-Lewenslus-Program" saamgestel. Dié program is saamgestel om jou op natuurlike wyse in drie belangrike areas te help: om jou gelaatskleur te herstel, om prikkelbaarheid en sensuspanning te bowe te kom en om te help om jou verlore lewenskrag te herwin.

1. Vita Force Natuurlike Vitamien E 500 i.e. kapsules.

Natuurlike Vitamien E is dié tyd van die jaar veral belangrik. Die vitamiene se kragtige anti-oksidante aktiwiteit bestry uitputting, verhoog fisiese uithouvermoë en herwin energie. Wanneer die inhoud van 'n kapsule op die vel aangewend word, werk dit as 'n algemene veltonikum.

2. Vita Force Vitamien B Co Forte.

'n Natuurlike gebalanseerde formule wat suurdeeg en twaalf B kompleks vitamiene bevat om jou te help om sensuspanning en prikkelbaarheid te bowe te kom.

3. Vita Force Vitamien E Ginseng.

Ginseng is die beroemdste Sjinese en Koreaanse kruie-tonikum. Dit is veral bekend in dié lande vir die merkwaardige vermoë om lewenskrag terug te win. Sit jou gesin op die Vita Force "Lente- en Somer-Lewenslus-Program", nou!

Beskikbaar by alle apteke en gesondheidswinkels.

GRATIS: Stuur dié advertensie met jou naam en adres daarop aan ons en ons sal 'n gratis eksemplaar van die boekie "Lente- en Somer-Lewenslus" aan jou stuur.

Dit bevat nadere voedingsinligting en 'n goedgekeurde wetenskapliksaamgestelde oefeningsprogram.

Vita Force Somer-Lewenslus-Program

vita force

Beproefde natuurlike gesondheidsprodukte

Posbus 5502, Johannesburg 2000



Natuurlike veltonikum

Anti-uitputting

Natuurlike lewenskrag herwinning

